# RYNIENUUS



LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

### GROETE AAN AL DIE RYNIES!

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



Na hierdie week is daar 4 weke oor voordat die skool sluit vir kwartaal 1 van 2025. Hierdie vakansie is slegs 1 week lank maar einde April is daar darem nog ‘n week vakansie.

Ons is volstoom besig met die Formele Assesserings vir die eerste rapport en die Gr 4-7 leerders het al ‘n paar toetse in die toetsreeks geskryf.



Op buitemuurse gebied begin ons met die rugby- en netbalseisoen terwyl die revue oefeninge hierdie week begin het vir die Gr 4-7 leerders. Die redenaars is ook reeds aan die gang. Die netbal speel hierdie jaar in die Superliga wat die hoogste liga in ons streek is. As gevolg van ons goeie netbaluitslae verlede jaar het ons opgeskuif na dié liga. Ons wens al die spelers en afrigters sterkte vir die nuwe uitdaging toe. Ons besef hierdie liga gaan hard wees maar die Rynies gaan net hulle beste gee. Die rugby speel al ‘n hele paar jaar in die Superliga.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Graag deel ons met u die volgende stukkie:



## Keer terug na verhoudings!

Dis algemeen bekend dat die wêreld nog nooit so gekonnekteer (‘n huidige gewilde woord) was soos vandag nie. Ek stem heelhartig hiermee saam: tegnologie en skerms het baie en groot voordele, maar daar is ‘n groot en gevaarlike “MAAR”. Na vyf en dertig jaar se ervaring van werk met jongmense en gesinne, gereelde inbou in hulle lewens en baie gereelde praatjies oor onder andere “die gevare en regte gebruik van tegnologie en sosiale media”, kan ek nie sterk genoeg waarsku oor die gevare van te veel tegnologie en skerms aan huwelike en gesinsverhoudings nie. Die kwaliteit van huweliks- en gesinsverhoudings is aan die agteruitgaan. Dit is in trurat soos nog nooit vantevore nie! Uiteraard is alles nie tegnologie, media en skerms se skuld nie, maar ‘n groot deel kan daaraan toegeskryf word. Veral in die laaste ongeveer tien tot vyftien jaar is dit ‘n nimmereindigende groeiende probleem.



Mense het tevrede geword om “gelike” te word, terwyl God die mens gemaak het om **geliefd (loved)** te wees. Liefde word iets oppervlakkig gemaak deur tegnologie en sosiale media. Jy het dalk honderde sogenaamde “vriende” op Facebook waarvan jy die helfte nie eers ken nie. Elke “like” op sosiale media laat jou goed voel oor jouself. Dis ‘n dopamien-rush waaraan baie mense verslaaf raak. Ongelukkig het te min “likes” die uitwerking om jou waardeloos en verwerp te laat voel.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Vandag se mens het op groot skaal die vaardigheid verloor om een-op-een te kuier en verhoudings te bou. Die mens raak tevrede met oppervlakkige "verhoudings" waar die ander persoon/e gesigloos is.
Dit kan uiters gevaarlik ook wees!

Moet my nie verkeerd verstaan nie: ek is glad nie anti-tegnologie nie! Ek kan nie en wil nie leef sonder die voordelige gebruik van tegnologie en skerms nie. Dis heerlik om tegnologie, media, internet en skerms as 'n dienskneg in my lewe te hê en ek gebruik dit om my eie en die lewe van ander mense te verryk en te verbeter.
Ek is oortuig dis hoe God dit wil hê.




Soos alles in die lewe het God vir mense die vermoëns en gawes gegee om iets soos tegnologie en media te ontwikkel. Hy wil hê ons moet dit ook gebruik om Hom te verheerlik. In hierdie geval sal dit beteken om ons verhoudingslewe te verbeter: ons verhouding met Hom en ons verhouding met mekaar. Die teenoorgestelde is egter besig om te gebeur. Dis jare se ervaring van werk met jongmense en gesinne wat nou hier praat en dit vir jou met absolute oortuiging sê.
Dis tyd dat jonk en oud, ouers en kinders die erns van die probleem besef. Dis tyd dat alle partye, uiteraard onder leiding van en met die goeie voorbeeld van die ouer, weer die belangrikheid van die gesin besef. Sit neer jou tablet, rekenaar en foon en gesels en kuier met jou gesinslede. Sit af die TV en bou verhoudings met mekaar.

*Geskryf deur Johan Smith*

# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD




Baie dankie aan al die maats wat ons met al die lekkernye bederf het!

Die maats was stroopsoet!

Baie dankie aan al die ouers!





# RYNIESNUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## RYNIES PRESTEER:

**Baie geluk aan Sion Atterbury wat die Future Kids gholf toernooi in 'n naelbyt finaal gewen het!**




## WêRELDBIDDAG VIR VROUE



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## REVUE Oefentye:

| | 3- 4 uur | 4 - 5 uur |
|---|---|---|
| 3 Maart : Juniorkant | Graad 6 | Graad 7 |
| 10 Maart : Juniorkant | Graad 4 | Graad 5 |
| 17 Maart | Graad 6 | Graad 7 |
| 24 Maart | Graad 4 | Graad 5 |

**CHEERLEADING:**

Ons dogters oefen baie hard. Ons eerste kompetisie is 8 Maart! Ons weet sommer dit sal baie goed gaan. Ons Graad R maatjies oefen ook al om oulike cheerleaders te word.









**MINI NETBAL:**

Ons mini-netbalvergadering van 3 Maart is vir eers afgestel. Meer inligting volg sodra die spanne gefinaliseer is.

NUUSBRIEF 7 VAN 2025 *27 FEBRUARIE 2025*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

**KULTUUR:**

**Redenaars:**

Interne redenaars se optredes begin Maandag 3 Maart.  Deelnemers van Gr. 1 - 3 het reeds ‘n briefie met die optredes se volgorde ontvang. Onthou om asseblief betyds te wees in volle skooldrag.
Uitslae word op die dag na die betrokke optredes bekend gemaak.

Vanaf 12 Februarie begin ons voluit oefen aan Spanredenaars.  As julle nog nie oefentyd bespreek het nie, moet dit asseblief **DRINGEND** gedoen word.  Spanredenaars se toesprake moet ook goedgekeur word. Handig so spoedig moontlik in.

**Kultuur middae:**

Maandae is kultuur middag.  Dit is bitter min tyd vir al die kultuuraktiwiteite.  Wees by jou betrokke aktiwiteit.  Indien daar enige probleme ten opsigte van sportoefening is, laat weet Juf. Barbara asseblief.

Koor- en Revueoefening is vol aan die gang.  Koorlede moet hul koornaweek geniet!  *Kultuurgroete, Juf. Barbara*

**KOSKAS**

Ek wil werklik my waardering uitspreek aan elke huisgesin wat weer hierdie projek ondersteun.  Ons waardeer alle skenkings opreg.  Ons het tans ‘n tekort aan die volgende: Langlewe melk;  tee;  koffie;  rys en pasta.
Persoonlike items soos onderarmsproei en koekies seep sal ook baie welkom wees.  *Groete, Juf. Barbara*



# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

**Buitemuurse aktiwiteite**

Na afloop van hierdie week behoort alle proewe afgehandel te wees. Personeel sal dus bewus wees van alle aktiwiteite waaraan u kind deelneem (ons het notas daarvan op die register en maak so seker die leerders kom by die aktiwiteite uit). U laat weet ons dus slegs indien die reëlings verander en u hoef nie elke dag ‘n boodskap te stuur nie.

**Huiswerkklasse**

Ons het hierdie week die nuwe huiswerkrooster geimplementeer. Ons gaan volgende week daarmee voort. Dit mag dalk ‘n week of twee neem voordat almal hulle voete vind en in die gewoonte kom om die nuwe rooster te volg.




## NASKOOL SPYSKAART:

**Maandag 4/3:** “Russian”-rolletjies
**Dinsdag 5/3:** Macaroni & Kaas
**Woensdag 6/3:** Roerbraai
**Donderdag 7/3:** Viskoekies, beetslaai, aartappels en wortelslaai.
**Vrydag 8/3:** “Simba-Chip” rolletjies

- Elke dag vrugte en sap

## SNOEPIE SPYSKAART:

**Maandag 4/3:** Pizza Broodjies
Dinsdag 5/3: Gesondheidsbroodjies
**Woensdag 6/3:** Hoendernuggets & chips
**Donderdag 7/3:** Boereworsrolle
**Vrydag 8/3:** Mince & Kaas Burritos

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD




**Bestellings kan geplaas word via WhatsApp by Jaco Hattingh 083 235 9667**

**Bestellings kan afgehaal word by Nanette Hattingh by die Kleuterskool na bevestiging van betaling.**

**Is kragonderbrekings 'n kopseer vir jou?**
**Hier is die antwoord!**

mica
Let *us* show you how



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

